SAKE 24 (Rapport)
13 May 2012, p.3

TESTAMENTE

# Rasbepalings is onwettig en dus ongeldig



## RAAD MET JOU RANDE

NICO VAN GIJSEN

Skaars word in die koerante geskryf oor modelle se rasse-uitsprake, of 'n leser vra my: "Kan ek in my testament my kind onterf as hy met iemand van 'n ander ras trou?"

Dink baie mooi. Jou rasse-vooroordele gaan maak dat jy jou kind verloor. Enige kind met 'n bietjie ruggraat sal hom nie laat voorskryf deur 'n erfenis nie. Jy bereik niks hiermee nie.

Dit is nietemin 'n interessante regsvraag. In die Suid-Afrikaanse reg word bykans onbeperkte testeervryheid erken. Jy kan jou bates bemaak aan wie jy wil. En jy mag voorwaardes stel. Die belangrikste beperkings wat wel geld, is dat die bemaking nie onwettig en nie teen die openbare beleid is nie. Die eerste is taamlik maklik bepaalbaar. Iets is wettig of onwettig. Die tweede is ietwat moeiliker, want hoe bepaal jy openbare beleid en, meer nog, hoe vertolk jy jou bemaking ingevolge openbare beleid?

Waarna die leser verwys, is bekend as 'n testamentêre voorwaarde. Dit kan onderverdeel word in verskillende tipes en dit raak baie tegnies. Ons kyk dus net na een wat ek meen oorwegend met die vraag verband hou: 'n sogenaamde ontbindende voorwaarde.

Ja, jy sou in jou testament kon bepaal: My seun Jannie erf my plaas (of wat ook al) op voorwaarde dat hy nie met iemand van 'n ander ras trou nie. Dit is egter tipies van die swak opgestelde testamente waarna ek gereeld verwys. Dit sal deur 'n hof verwerp word omdat die bepaling regtens onuitvoerbaar is. Jy sal die probleem kon oplos deur verder te bepaal wat met die bate gebeur as hy wel só sou trou. Byvoorbeeld: As hy met iemand van 'n ander ras trou, sal sy erfenis oorgaan na my seun Fanie. Dan het jy 'n uitvoerbare ontbindende voorwaarde.

Onthou egter my tweede vereiste: Is die bepaling teen die openbare beleid? Veral twee hofsake staan hier uit. In 2006 is in die Syfrets-saak beslis dat 'n bepaling in 'n testamentêre trust wat inkomste slegs aan studente van "Europese" herkoms (Jode en vrouestudente van alle nasionaliteite is uitgesluit) beskikbaar stel, teen die openbare beleid is. Ek glo nie dit was die geval in 1920, toe die testament opgestel is, nie.

In 2009 is egter in die BoE-saak beslis dat 'n soortgelyke bepaling wat net wit studente bevoordeel, nie teen die openbare beleid is nie. Die rede vir die beslissing is dat 'n verdere vereiste gestel is: Die wit studente kon oorsee studeer, maar moes na Suid-Afrika terugkeer om hul kundigheid hier te kom toepas. Omdat dit dan tot voordeel van die land sou wees, is die bepaling nie teen die openbare beleid geag nie.

Openbare beleid verander, daarom dat ek sê dit is moeiliker bepaalbaar. Ek meen in die tyd waarin ons leef, sal 'n bepaling soos in die leser se vraag teen openbare beleid wees en dus onwettig. 'n Hof sal na my mening die bepaling as diskriminerend beskou ingevolge art. 9(3) van die Grondwet en dit sal dus onuitvoerbaar wees. Omdat dit om dié rede onuitvoerbaar is, sal die erfenis onbeswaard oorgaan op die erfgenaam.

▸ *Van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000, of nico@finlac.com.*